

Februarie 2021

Liewe Boekliefhebber

In hierdie nuusbrief:

- ♥ Waar kom hierdie nou vandaan?
- ♥ SPESIALE Valentyn promosie van 'n paar skrywers – gebruik die geleentheid.
- ♥ Nuwe rokkie vir my webwerf


Ek kan eintlik uitbasuin: “I’m back!”

Dit is die eerste nuusbrief sedert 2017 en dis tyd om my sokkies op te trek.

Jy ontvang hierdie skrywe omdat jy voorheen op my adreslys was, óf een van my boeke gekoop het, óf belangstel in my skryfwerk, óf onlangs ingestem het om my nuus te ontvang.

My onderneming ten opsigte van nuusbriewe:

- Slegs een keer 'n maand, tensy ek hoor van 'n goeie promosie van ander skrywers waaruit jy voordeel kan trek.
- Nie elletyde verveelende boodskappe nie.



Wat is my storie met 'n nuusbrief?

Lesers is skrywers se heldekorps, want eerstens maak jy tyd om my woorde te lees, en tweedens, wat help dit ek skryf en niemand lees die boek nie?

*“A writer only begins a book
A reader finishes it.”*

- Samuel Johnson

Derdens: jy slyp en bytel my met jou terugvoer. Wanneer ek terugkyk oor my skryfwerk sedert Ryk Armgat-dae, kan ek sien hoe ek gegroei het. Soms knyp ek my oë toe oor wat of hoe ek geskryf het. Danksy JOU terugvoer en kursusse wat ek deurentyd doen, kan ek groei.

Ek begin voelers uitsteek na ander genres. #vlugenterug se hoofkarakters was jonger en het meer avontuur en spanning bevat. Ek kan dalk my lesers se insette vra oor detail in my boeke. Opwindend!

Samevattend:

My skryfwêreld is nou verbind aan jou en hiermee een groot DANKIE vir JOU insette, op welke wyse ookal.

Met alles hierbo gesê kan jy steeds nie lus voel om my nuus-notas in jou Inbox te kry nie. Voel asseblief vry om op hierdie nuusbrief te reply met UNSUBSCRIBE. Geen rede is nodig nie, en ek aanvaar dit so.



VALENTYNSDAG PROMOSIE:

Daar is heelwat skrywers wat hulle boeke gratis of goedkoper aanbied.

Saam met 2 ander kollegas, kan jy die e-boeke amper gratis aankoop. Volg hierdie skakel na my webwerf, en heelonder op die tuisblad, klik op hierdie prentjie:



WEBWERF

Die webwerf het 'n nuwe jas aan: www.elsabewelman.co.za
Gaan blaai so bietjie rond en verras my met terugvoer of voorstelle!

Mag jy 'n wonderlike naweek beleef saam met jou geliefde(s).